

BALANS IS NIE ALLES NIE

Ek wou vandag begin het met die stelling: 'MENSE SE LEWENS IS DEURMEKAAR'

'Ek kyk om my en ek sien mense se lewens wat deurmekaar is'

Maar die eerlike waarheid is, tot onlangs toe was dit MY lewe wat deurmekaar was en soos ek vandag hier staan is ek steeds 'n werk in proses.

Mense dink baie maal: Die feit dat jy op 'n verhoog staan en 'n mikrofoon in jou hand het beteken jy is uitgesorteer, wel ek moet sommer begin om te bely (*dalk tot julle teleurstelling*) maar met my – is dit ongelukkig hoegenaamd nie die geval nie.

En om dinge te vererger is ek uitgesproke daarvoor dat om 'n volgeling van Jesus te wees is iets wat nie net JOU LEWE BETER TE MAAK nie, maar ook vir JOU BETER MET DIE LEWE TE MAAK, maar dis hoegenaamd nie wat ek in my lewe ervaar het nie.

Die grootste enkele oorsaak hiervan was die feit dat my fokus totaal verkeerd was !

U sien – aan die begin van die jaar toe my vroujie vir my vra:

'Wat is jou begeerte vir die nuwe jaar?'

Was my antwoord baie vinnig: *'Ek smag met my hele hart na BALANS!'*

In die tyd waarin ons leef is "N GEBALANSEERDE LEWE" een van die GROOT lewensdoelwitte waarna baie van ons streef.

Mense het so 'n soeke na balans en daar is selfs Lewensafrigters of "Life Coaching" is, wat mense help om balans te vind.

Maar is daar werklik iets soos 'n 'gebalanseerde lewe' en hoe lyk 'n 'gebalanseerde lewe' as 'n mens dit sou regkry?

Vir baie mense lyk 'n gebalanseerde lewe iets soos 'n 'pie-diagram' – amper so. Daar is so 7/8 afdelings in jou lewe, waarvan een gereserveer is vir jou geestelike lewe en jy probeer dit alles min of meer in balans hou.



Maar dis juis een van die probleme met die strewe na 'n gebalanseerde lewe:

Jy is geneig is aan jou lewe in kompartemente te dink en as ons op so 'n manier na ons lewens kyk, sien ons nie noodwendig ons finansies, of ons werk, of ontspanning as geestelike aktiwiteite nie en vergeet ons daarom baie maklik **dat die Here INTENS belangstel in elke oomblik en elke aktiwiteit wat ons lewens elke dag vul.**

Een van die ander probleme met 'n strewe na balans, is die feit dat 'BALANS' so relatief is. Ek bedoel, die oomblik as jy met vakansie gaan lyk 'n gebalanseerde lewe weer iets soos dit:



En as ons terugkom is alles deurmekaar en sukkel ons om weer 'balans' te vind.

MAAR:

Die grootste probleem met 'BALANS' as die fokus en doelwit van ons lewens kry ons as ons bietjie **dieper** krap en mooi daarvoor nadink, want dan kom ons agter dat BALANS eintlik maar 'n VLAK lewensdoelwit is.

"Balans" as lewensdoelwit is eenvoudig net nie GROOT genoeg of GOED genoeg vir ons lewens nie en sal nooit lei tot daardie VERVULDE lewe waarna ons almal soms so desperaat smag nie.

ONS IS GESKAPE OM ONS LEWENS TE LEEF VIR IETS GROTER AS ONSSELF EN BALANS AS LEWENSDOELWIT VOLDOEN NET EENVOUDIG NIE HIERAAN NIE.

En daarom hunker iets in ons die heelyd na meer.

Ek kan nie help om te dink hoe 'n gesprek tussen Paulus en 'n moderne Lewensafriqter sou afloop nie:

Lewensafriqter:

Paulus, ek dink as jy na die pie-diagram van jou lewe kyk dan gaan dit redelik goed met die geestelike aspek daarvan, maar werksgegewys het jy jou tentmaker-besigheid ernstig afgeskeep en dit het gemaak dat jou finansiële portefeulje dramaties gekrimp het. Kom ons kyk bietjie na daardie tydstaat wat ek tydens ons laaste gesprek vir jou gegee het, sodat ons kan sien waar ons 'n paar verstellings kan maak.

Paulus:

My lewe het die laaste tyd dikwels aan 'n draadjie gehang. Vyf maal het die Jode my laat gesel deur my die gebruikelike 39 hou te slaan. Drie maal is ek met stokke toegetakel. Een keer is ek met klippe gegooi en vir dood agtergelaat. Drie keer het die skip waarop ek was, gesink. 'n Ander keer moes ek 'n hele dag en nag op die oop see ronddryf. Ek het ook al die wêreld vol gereis. En ek moes al 'n groot klomp gevare trotseer: vol riviere; rowers wat my wou aanrand; gevare in die stede en in woestyne; storms op die see en vals gelowiges wat my in die steek gelaat het.

Ek moes ook baie hard werk. Baie nagte het ek nie 'n oog toegemaak nie. Dikwels het ek niks gehad om te eet of te drink nie. Kos was maar altyd 'n skaarste. Ek het ook nie altyd genoeg warm klere gehad om my teen die koue te beskerm nie.

Asof dit nie genoeg is nie, moet ek ook nog elke dag 'n groot klomp krisisse hanteer. Wanneer party gelowiges wil tou opgooi, voel ek hulle pyn aan my eie lyf. En wanneer hulle in die sonde val, voel dit vir my asof ek self deur die vuur stap.

Ek sukkel om te dink wat die lewensafriqter se antwoord hierop sou wees, want Paulus se lewensdoelwit was iets vêr groter as BALANS.

HOOR MY ASSEBLIEF MOO!

Die punt wat ek probeer maak is nie dat ons ongebalanseerde lewens moet lei nie.

'n Ongebalanseerde lewe is definitief ook nie die antwoord nie.

Ek het al te veel keer gesien hoe manne in die bediening leef met die uitgangspunt:

“Here, ek sal na Jou lammers kyk as U na myne sal kyk” en dan eenvoudig die mense naaste aan hulle, teenoor wie hulle die mees basiese onderneming en verbintenis gemaak het, totaal afskeep. Baie vroue en kinders betaal ‘n BAIE duur prys hiervoor.

Ek was ook op ‘n plek waar ek die wêreld probeer verander het en ‘n beter plek probeer maak het, ten koste van die mense naaste aan my en wie die liefste is vir my –

TOT DIE HERE EENDAG VIR MY GESÊ HET – EK SAL DIT NOOIT VERGEET NIE:

“Stephan, as jy die wêreld wil verander, gaan huis toe en wees net lief vir jou Vrou en Kinders! Wees daar vir HULLE.”

So ek probeer definitief nie sê dat ons ongebalanseerde lewens moet lei nie, MAAR ‘BALANS’ moet nie ons lewensdoelwit wees nie! Daar is iets groter as ‘BALANS’ waarop ons ons lewens moet fokus en wat ons toewyding waardig is –

- EK GAAN NOU NOU DAARBY UITKOM –

EN wanneer jou siel (jou wil, verstand en emosies) uiteindelik volledig daarop gefokus is, gaan ‘n paar goed in jou lewe verander, waarvan die eerste gaan wees, dat

JY GAAN VIND JY BEGIN LEEF VANUIT ‘N GOED GEORDENDE HART:

U sien die soeke na balans impliseer dat ons dink die probleem is ekstern – dat die oorsaak van die probleem van buite onself kom – ‘n *‘hectic’* skedule, wanorde by die werk, die seisoen van ons lewe

MAAR DIE EINTLIKE WANORDE KOM MEESTE VAN DIE TYD VAN BINNE.

Dis waarom Salomo ons in Spr. 4:23 gewaarsku het:

“Bo ALLES, wees versigtig met wat in jou hart aangaan. Wat jy dink, bepaal alles wat jy doen.”

U mag dalk daar sit en vra: *‘MAAR WAT BETEKEN DIT OM VANUIT ‘N GOED GEORDENDE HART TE LEEF?’*

AUGUSTINE het dit miskien die beste beskryf toe hy gesê het (en ek vertaal dit vry):

Dit is om LIEF te wees:

- *Vir die regte goed;*
- *Met die regte tipe liefde;*
- *Op die regte manier; en*
- *Met die regte hoeveelheid liefde;*

Die effek van die sondeval is dat ons mense se liefde en ons passies dikwels versteur is.

Byvoorbeeld: Skoonheid is die handewerk van God en ons moet waardering daarvoor hê, maar as ons skoonheid begin verafgod en dit wat die wêreld as gewoon beskou, maar ook deur God gemaak is, begin verag, het ons 'n probleem.

As ons geld bo geregtigheid begin kies, is dit nie geld se skuld nie. Geld opsigself is goed, maar daar is ongelukkig mense wat geld met 'n totaal verkeerde tipe liefde, op 'n verkeerde manier en heeltemal té lief het en daarom sal hulle enige iets doen daarvoor, selfs ten koste van ander mense.

Jy sal ook vind dat as jou fokus reg is en jou hart georden is, jy nie net toenemend vry van sonde is nie, maar ook toenemend vry raak van die begeerte om sonde te doen, want as jou hart georden is, sal jou liefde vir ander mense so groei, dat jy hulle nie wil mislei, of manipuleer of met jaloesie en afguns na hulle wil kyk nie.

Ons begin VAN BINNE NA BUIITE verander.

Maar hoe verander ons ons vervalle harte in harte wat die regte goed lief het, met die regte tipe liefde, op die regte manier en met die regte hoeveelheid liefde ?

ONS HET 'N PLAN NODIG

Ons het 'n plan nodig, anders gaan dit eenvoudig net nie gebeur nie.

William Paulsell: *It is unlikely that we will deepen our relationship with God in a casual or haphazard manner. There will be a need for some intentional commitment and some reorganization in our own lives.*

Ek sien dikwels hoe kliënte se besighede stagneer of selfs misluk omdat hulle nie 'n goeie en duidelike plan vir die toekoms het nie. Dinge gebeur nie, maar dis omdat daar geen plan is nie.

In ons eie besigheid het ons so onlangs soos 2 weke terug weer 'n strategiese sessie gehad waar ons 'n dag lank beplan het aan ons doelwitte vir ons eie besigheid.

Waar wil ons oor 5 jaar wees, hoe gaan ons daar uitkom en wie is verantwoordelik vir watter take en aksies om ons daar te kry.

Geen Super Rugby span sal die seisoen ingaan sonder 'n duidelike plan van waar hulle wil wees, hoe hulle wil speel en hoe hulle daar gaan uitkom nie en dan alles, hulle hele beplanning en voorbereiding, daarvolgens te rig nie.

Die belangrikheid van 'n plan en strategie vir ons Geestelike lewens is niks minder nie.

Geestelike groei kan nie regtig beheer en bestuur word nie, maar dis ook nie iets wat lukraak somer net vanself gebeur nie.

Ons het een of ander ondersteuningstruktuur of platvorm daarvoor nodig en 'n goeie voorbeeld (*aangesien ons in wyndruiwe wêreld bly*) is miskien om dit te vergelyk met 'n jong wingerd. Net soos wat 'n jong wingerd pale en draad nodig het om teen te rank wanneer dit groei, het ons 'n ondersteunende struktuur (in die vorm van 'n plan) nodig om ons groei en ons nuwe fokus te ondersteun.

Vir Jesus se dissipels was die plan eenvoudig om hulle Meester te volg en dop te hou en te leer hoe Hy leef.

Vir ons is die uitdaging miskien 'n bietjie groter, –

ek weet 'n paar van julle se tone gaan nou omkrul as julle my voorstel hoor, maar gee my net kans om te verduidelik –

AS DEEL VAN ONS PLAN HET ONS REËLS NODIG.

Die meeste van ons voel dat daar reeds genoeg reëls in ons lewens is en ons geniet en waardeer juis die 'VRYHEID IN JESUS', maar kom ek verduidelik:

Die reëls waarvan ek praat staan nie teenoor of in spanning met GENADE nie. Mense wat onder die binding wat wettiese godsdiens geleef het en toe bevry is deur die genade boodskap, is soms baie skepties dat enige sprake van reëls of dissipline weer tot onderdrukking kan lei, maar die reëls waarvan ek praat is eenvoudig 'n manier om jou te help groei na die WARE LEWE WAT GOD VIR JOU DEUR GENADE in stoor het.

Die Latynse woord vir reël is *regula*, wat eenvoudig beteken: **iets wat ek gereeld doen.**

Terug na William Paulsell, want hy gee vir ons 'n belangrike leidraad:

William Paulsell:

*It is unlikely that we will deepen our relationship with God in a casual or haphazard manner. There will be a need for some intentional commitment and some reorganization in our own lives. **But there is nothing that will enrich our lives more than a deeper and clearer perception of God's presence in the routine of daily living.***

SO - WAT EK DUS MET 'N REËL/S BEDOEL IS DAT DAAR 'N BEPAALDE RITME VIR ONS LEWENS MOET WEES WAT JOU TOELAAT EN STUUR OM IN 'N MEER INTIEME KONNEKSIE MET DIE HERE TE GROEI TYDENS JOU DAAGLIKSE ROETINE.

Jou reël/s vir jou lewe moet dus gevorm word rondom vroe soos:

- Hoe en wanneer gaan ek bid?
- Hoe gaan ek my geld hanteer op 'n wyse wat my nader aan die Here gaan trek?
- Hoe gaan ek my werk benader op 'n manier wat gaan help dat ek meer soos Jesus word en gaan toelaat dat Christus in my gevorm word?
- Hoe is ek betrokke by die gemeenskap van gelowiges – gemeente byeenkomste, uitreike, selgroepe, ens.
- Hoe kan ek my daaglikse take vul met 'n bewustheid van die Here se teenwoordigheid by my?

DAAR IS 'N REËL WAARMEE ONS ALMAL KAN BEGIN

Jy kan jou eie reël/s vir die lewe formuleer – onthou 'n reël is *regula* – iets wat ek gereeld doen. Dit hoef nie ingewikkeld te wees nie, ons moet dit juis eenvoudig hou.

Paulus gee egter vir ons 'n reël in sy boodskap aan die gemeente van Kolossense wat ons almal kan volg in ons strewe om ons lewens te rig en in die proses ons harte te orden.

Ek gebruik die Amplified vertaling, want in die Afrikaans het so bietjie van die betekenis van wat Paulus bedoel het, verlore gegaan.

Kol. 3:17

“Whatever you do [no matter what it is] in word or deed, do everything in THE NAME OF THE LORD JESUS [and in dependence on Him], giving thanks to God the Father through Him.

So wat beteken dit om iets in die Naam van Jesus te doen?

In die Bybelse tyd was 'n persoon se naam 'n refleksie van sy karakter. So om iets in die naam van Jesus te doen, beteken om dit ooreenkomstig Sy karakter te doen – letterlik: Om iets te doen soos Jesus dit self sou gedoen het as hy hier in jou plek was.

Nou weet ek baie van julle dink dadelik aan die hele WWJD-veldtog (What would Jesus do?) van 'n paar jaar terug, maar dit wat Paulus hier sê verskil hemelsbreed van dit. Dis een ding om te weet wat Jesus sou gedoen het – dis iets totaal anders om dit dan te gaan doen ooreenkomstig Sy karakter en soos wat Jesus dit inderdaad self sou gedoen het as Hy hier by ons was.

Ek was 'n groot navolger van die WWJD-veldtog, maar het dikwels onwillig en gefrustreerd opgetree as dit wat Jesus sou gedoen het my nou nie heeltemal gepas het of ooreenkomstig my begeertes was nie. Ek het maar dikwels soos 'n rebelse tiener opgetree.

Wat opvallend is, is die omvattendheid van wat Paulus sê.

“Whatever you do” en net vir ingeval daar nog enige onsekerheid is –

“Whatever you do in word or deed” dit sluit redelik ALLES in. Maar weereens net vir ingeval enige van ons enige skuiwergate sou wou soek -

“Whatever you do in word or deed, do everything”

Ons is geneig om redelik vinnig oor gedeeltes soos hierdie te lees, maar Paulus se herhaling behoort ons so bietjie te rem en te laat nadink oor wat sy bedoeling werklik hiermee is.

Ons behoort spesifieke aktiwiteite te oorweeg en te besluit: *‘Wat beteken dit om hierdie goed in Jesus se naam te doen?’* en dan te begin om ons lewens dienoreenkomstig in te rig.

BV. Wat sal dit beteken om in die oggende wakker te word en op te staan in die Naam van Jesus?

Ek beseft mense is geneties verskillend bedraad (*GRUMPY*).

Maar wat sal deur Jesus se gedagtes gegaan het as die alarm in die oggende afgaan. Sal sy gedagtes gevul wees met vrese en angstigheid vir die dag wat voorlê / of spyt oor dinge van gister – of sal Sy eerste gedagtes gerig wees op die Een wat die hele wêreld (insluitende ons) in Sy hande hou?

Ek het onlangs begin om ‘n paar oomblikke te neem voor ek opstaan om net Die Here te groet en te verklaar dat die dag aan hom behoort en te vra dat Hy my vennoot sal wees in alles wat ek vandag gaan doen. – Ek glo dis een manier van opstaan in Jesus se Naam.

Hoe groet jy jou mense?

Hoe groet jy die mense naaste aan jou in die oggende? Wat is jou stemtoon? Wat se woorde gebruik jy? Wat is jou gesigsuitdrukking?

Dis van kardinale belang - navorsing wys jy het 15 sekondes om ‘n eerste indruk te maak – en hoe jy jou vrou en kinders soggens groet kan die toon vir die res van hulle dag bepaal.

Wat beteken dit om te bestuur in Jesus se naam?

As Jesus agter jou kar se stuurwiel was, sou die motor homself enigsins anders gedra het?

Hoe werk ek in Jesus se Naam?

My werk bring my in aanraking met baie mense en deur te werk in Jesus Naam gaan maak dat ek hulle nie net sien as kliënte, werknemers of produksie-eenhede nie, maar as mense. Jy mag dalk opreg begin belangstel in hulle en selfs vir elkeen ‘n stil gebedjie opsê soos wat jy met hulle te doen kry.

Jy mag dalk bid oor elke taak wat jy moet doen en dit offer aan die Here.

Hoe spandeer ek geld in Jesus se Naam?

As ek in die ‘mall’ instap – hoe doen ek inkopies in Jesus se Naam?

Hoe kyk ons televisie in Jesus se Naam?

Hoe doen ek gewone huishoudelike takies, die wasgoed, skottelgoed in Jesus se Naam?

Die vrae wil 'n mens laat lag as jy daaraan dink, maar nou kry ons 'n idee van die radikale omvang van dit wat Paulus gesê het toe hy aan die gemeente van Kolossense gesê het:

“Whatever you do [no matter what it is] in word or deed, do everything in the name of the Lord Jesus [and in dependence on Him], giving thanks to God the Father through Him.

PAULUS SÊ: *“Hey! Ons is genooi om ons HELE LEWE te doen in Jesus se Naam! En daarom mis jy die punt as jy jou lewe in 'n pie-diagram verdeel en die Here se teenwoordigheid beperk tot een of twee van daardie kompartemente van jou lewe.*

Ek het aan die begin gesê dat daar iets groter is as 'BALANS' - wat die fokus van ons lewens moet wees en dis presies dit – ONS IS GENOOI OM TE LEEF IN DIE NAAM VAN JESUS!

Ek wil begin afsluit deur net 'n beginsel te noem wat my seker die meeste gehelp het in my strewe daarna om my my lewe te probeer LEEF IN DIE NAAM VAN JESUS en regtig Sy teenwoordigheid en heerlijkheid te beleef in al die kompartemente van my lewe.

Ek was in my pogings meestal gefrustreerd met myself tot ek hierdie beginsel gesnap het:

DAAR IS 'N REUSE VERSKIL TUSSEN IETS PROBEER DOEN EN OEFEN OM IETS TE DOEN.

TRYING VS TRAINING

Dit het my geweldig hoop gegee toe ek hierdie beginsel uiteindelik gesnap het!

Vir 'n groot deel van my lewe sou ek een of ander boodskap hoor oor hoe om soos Jesus te wees of Hom te volg en dan sou ek regtig HARD probeer om soos Hy te wees –

Oor die algemeen het dit gewoonlik nie veel beter afgeloop as iemand wat 'n marathon probeer hardloop sonder dat hy daarvoor geoefen het nie. Ek het gewoonlik uitgeput en verslaan geëindig.

En dis baie maal hoe ons probeer om 'n volgeling van Jesus te wees – geen wonder baie mense sien nie daarvoor kans nie.

Maar om te leef in die Naam van Jesus en Hom te volg is nie 'n geval van harder probeer nie, maar eerder 'n geval van slimmer oefen.

Dis ook die taal wat Paulus voortdurend gebruik wanneer hy met die jong Timoteus en die gemeente van Korinte praat. Hy gebruik OEFEN-taal.

Paulus en sy gehoor was bekend met atletiek. Die Istmian Spele was in die antieke Griekse tydperk naas die Olimpiese spele die tweede grootste sport byeenkoms en volgens die kommentator, Gordon Fee, was Paulus heel moontlik een van die tentmakers by die spele van 51 AD wat in Korinte plaasgevind het.

Dit was vir hulle verregaande om te dink iemand sou kom meeding vir 'n medalje deur net "REGTIG HARD TE PROBEER", maar wat verder geen oefening gedoen het nie.

Dis hoekom Paulus vir Timoteus gesê het in **1 Tim. 4:8 (Boodskap-vertaling)**:

Jy moet oefen om dit te doen soos 'n atleet oefen om fiks te bly. 'n Atleet wat oefen om fiks te bly doen goed, maar dit help nie vir alles nie. Om egter geestelik te oefen om fiks te bly deur God te dien, is regtig die moeite werd. Dit help 'n mens op alle maniere, vir die lewe hier op aarde én die lewe wat vir ons wag in die toekoms.

AFSLUITING

Ons as Christene leef BAIE maal met die uitgangspunt dat ons ons lewens die kant van die graf net probeer bymekaar hou en balanseer. Ons oorleef met die hoop dat ons eendag hemel toe sal gaan waar dinge beter sal wees.

MAAR:

Jesus het nooit gesê: "As iemand agter my wil aan kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en 'n gebalanseerde lewe leef nie".

Jesus het gesê: "As iemand agter my aan wil kom, moet hy homself verloën, sy kruis opneem en 'MY VOLG" en hierdeur het Jesus gesê dat Hy wil hê ons moet doen **wat** Hy sou gedoen het en **hoe** Hy dit sou gedoen het, as Hy hier in ons plek was.

Om 'n volgeling van Jesus te wees gaan oor soveel meer as om eendag hemel toe te gaan.

Vir baie lank het ek my geestelike lewe gereduseer tot 'n paar aktiwiteite soos bid en Bybelstudie wat slegs op sekere tye van die dag, wat ek 'stiltetyd' noem, plaasvind.

EK IS SKAAM OOR HOE LANK DIT MY GENEEM HET OM TE SNAP DAT:

Ek en jy genooi is om elke oomblik van elke dag 'n geleentheid te maak om bewus te wees van die Here se teenwoordigheid en te oefen en te leer om hier op aarde in die Koninkryk van God te leef, deur te leef in die Naam van Jesus.

Hoe?

Deur ons alledaagse dinge te doen soos Jesus dit self sou gedoen het as Hy hier in ons plek was.

XxXxX